



# 'n Juweel gevorm deur pyn

*Henri stap aan* deur Lizette Murray. Uitgegee deur Corals Publishers (2008). Prys: R119,95. Resensent: René Badenhorst.

Hoe resenseer 'n mens die diepste wroeginge van iemand se hart? In *Henri stap aan* vertel Lizette Murray op 'n aangrypende manier hoe sy en haar gesin haar seun Henri se dood na 'n haaiaanval in 2005 verwerk het.

Lizette sê in die boek: "Handleidings of artikels oor die rouproses is nuttige hulpmiddels, maar dit kan nie klinkklare antwoorde bied nie. Die dood laat hom nie definieer nie. Dis ondeurgrondelik. Dit bly 'n misterie." Lizette probeer ook nie klinkklare antwoorde gee nie, maar deel dit wat sy in haar eie rouproses geleer het en hoop om mense wat verliese moet hanteer so te help om ook weer vrede en vreugde te vind.

Wat die boek so treffend maak, is die eerlike en onbeskaamd reguit manier waarop Lizette oor haar pyn en geloofstryd praat. Dit is ook bewonderenswaardig dat sy op so 'n nugter wyse, drie jaar na haar seun se dood, oor hierdie worsteling verslag kan gee.

*Henri stap aan* is ontstellend en hartverskeurend, maar is ook 'n storie van hoop. Dit vertel hoe 'n hegte gesin deur hierdie gebeurtenis mekaar ondersteun het, en selfs nog hegter bande ontwikkel het. Dit vier die lewe en inspireer 'n mens om, soos Henri, net die beste vir ander mense te gun en elke dag voluit te leef.

*Henri stap aan* is 'n kosbare juweel wat lesers se lewe sal verryk. Lesers wat al 'n geliefde aan die dood moes afstaan, veral as dit 'n kind was, behoort baie by die boek baat te vind, maar enigiemand wat iemand deur 'n rouproses moet bystaan, sal ook waardevolle lesse hieruit kan leer.